



Ons wil God se vreugde vermeerder!

Reisbrief van Agter-Paarl Geloofsgemeenskap

Geskryf deur Johannes Nortier

19 Mei 2022

Gedagte vir die week:

Partykeer is baba-treetjies die wyse weg, ander kere is 'n reuse-tree die wyse weg.

Vertrekpunt:

Handelinge 15

Meditasie uit die Woord:

Ons verander maar moeilik. Ons sal dalk 'n reeks klein veranderinkies maak, maar nie sommer een groot verandering nie. En dikwels wanneer ons een groot verandering gemaak het, wil ons later weer terugkrabbel na hoe dit voorheen was. Ons verander ook moeilik omdat ons "almal wil saamneem" en omdat ons "die vrede wil bewaar" en omdat ons bang is vir "wat die mense sal sê". Ons verander moeilik omdat ons nie beginsel denkers is nie, maar pragmatiste. En natuurlik voel ons mos veiliger met ou gewoontes as met nuwe gewoontes. Die probleem is net dat baie van ons ou gewoontes, veral in geloofsgemeenskappe, nie goddelike sanksie het nie en ook in hul diepste wese ongesond en liefdeloos is. Dit is eintlik maar menslike idees en voorskrifte waaraan ons wederregtelik goddelike status gegee het, en nou wil ons almal daaraan onderwerp en verslaaf. Handeling 15 is 'n mooi voorbeeld hoe 'n paar dapper gelowiges opgestaan het teen die ou en muwwe sisteem, maar selfs hulle kon nie almal die een groot tree gee nie. Die verandering in die reël van die besnydenis was 'n stap in die regte rigting, maar hulle kon nie die slaghuisreëls ook verander nie, "it was one bridge too far!" Dit is soos die NG Kerk wat uiteindelik "anderskleuriges" in die kerkgebou toegelaat het, nêr vir begrafnisse, en nêr as hulle op die gallery sit. Een groot stap tot gehoorsaamheid vanuit die beginsel dat alle mense gelykwaardig is, was vir sommiges net nie moontlik nie en daarom moes almal baba-treetjies gee en nog langer liefdeloos optree. Ons ken die res van die geskiedenis. Handeling 15 laat ons dink oor dapper gehoorsaamheid. Dit laat ons dink of ons bereid is om te breek met ou ongesonde en liefdelose gewoontes. Die baba-treetjies is dikwels 'n verskoning vir 'n lafhartige geloof. Die reuse-tree vra 'n dapper geloof wat soms die "valse" vrede moet offer twv die geloofsgehoorsaamheid.

Reisgesprek en Youtube-skakel:

Op Sondagoggend 22 Mei 2022 om 09:30 het ons 'n reisgesprek **in die kerkgebou**. Jy kan aan die digitale weergawe daarvan deelneem by <https://youtu.be/Clc4IYxZQwM>

Meditasie uit die Lewe:

Ons gesels tans in ons leiersgroep oor die gemeente se identiteit. Dit is 'n dinamiese gesprek en jy mag daaraan deelneem deur te reageer via enige kanaal van jou keuse. Hier is die volgende gedeelte:

Dominee	Ons dominee bedien ons met 'n passievolle hart en daarna bedien hy/sy die wêreld namens ons. Die kerkorde bepaal nie wat ons dominee moet doen nie, sy/haar werk groei dinamies saam met die Geesgeleide ontwikkeling van die gemeente. Ons versorg ons dominee graag en dit is nie nodig vir hom/haar om ekstra buite-werk te doen vir sy/haar materiële versorging nie. Indien ons dominee buite-werk doen moet die vergoeding wat daarvoor betaal word aan die gemeente betaal word. Die Finansbediening mag, maar hoef nie, uit die geld wat in die leraarsfonds is, aan die leraar oorbetal. Die dominee het nie 'n hoër status nie, maar 'n besliste diensfunksie. Ons wil nie die gemeente om die dominee bou nie, maar die gemeente op die Bybel bou.
---------	---

Aantekeninge

'n Mens hoef nie altyd met almal en alles saam te stem nie. Ek nooi jou om saam met my die gawe van nederige en respekvolle gesprek te ontdek. **As jy hierdie epos foutiewelik ontvang of dit nie meer wil ontvang nie, stuur net 'n epos wat lui "kanselleer nuusbrief" na ngkagterpaarl@telkomsa.net of nortierjohannes6@gmail.com**